# Brand by Rissikstraatkantoor

**Tshwane, 21 September 2023** – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) bevestig dat 'n brand gister by sy tak in Rissikstraat in Johannesburg uitgebreek het.

Alle personeel en belastingpligtiges is dadelik ontruim en niemand het enige ernstige beserings opgedoen nie. Die brand is, te danke aan vinnige en doeltreffende optrede deur brandbestrydingsdienste, suksesvol geblus.

As gevolg van die brand, is dienste by SARS se Rissikstraattak opgeskort, en sal dienste virtueel aangebied word. Belastingpligtiges word aangemoedig om vir hulp 'n afspraak deur die SARS-webtuiste www.sars.gov.za te maak. Diegene wat ons kantore wil besoek, kan 'n afspraak maak om óf die Randburg- óf die Albertontak te besoek. Ons vra nederig om verskoning vir enige ongerief veroorsaak.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het die brand- en mediese nooddienste, wat gehelp het om die skade onder beheer te bring en die geaffekteerdes te behandel, bedank.

Die oorsaak en omvang van die brand is op hierdie stadium onbekend en sal ondersoek word.

Vir meer inligting, kontak SARS by SARSMedia@sars.gov.za.